**VERGIFNIS IS NET DEUR DIE EVANGELIE SONDER DIE WET, WETSONDERHOUDING OF ONS LIEFDE VIR GOD.**

**LIEFDE IS WETSONDERHOUDING NET CHRISTUS IS DIE EVANGELIE DIE WET IS NIE DIE EVANGELIE NIE**

| DIE WET: LIEFDE<br>KENNIS VAN SONDE | DIE EVANGELIE<br>VERLOSSING | DIE WET<br>DANKBAARHEID |
|---|---|---|
| "37 Jesus antwoord hom: "'Jy moet die Here jou God liefhê met jou hele hart en met jou hele siel en met jou hele verstand. 38 Dit is die grootste en die eerste gebod. 39 En die tweede, wat hiermee gelyk staan, is: 'Jy moet jou naaste liefhê soos jouself.' 40 In hierdie twee gebooie is die hele wet en die profete saamgevat." Matt.22: | Ek **glo** in **God die Vader**, die Almagtige, die Skepper van hemel en aarde; en in **Jesus Christus**, **sy eniggebore Seun**, **ons Here**; wat ontvang is van die Heilige Gees, **gebore uit die maagd Maria**;wat gely het onder Pontius Pilatus, gekruisig is,gesterf het en begrawe is en ter helle neergedaal het; wat op die **derde dag opgestaan het uit die dood**;wat opgevaar het na die hemel en **sit aan die regterhand van God**, die almagtige **Vader**, van waar Hy sal kom om die lewendes en die dooies te oordeel Ek glo in die **Heilige Gees**; ek **glo** aan 'n heilige, algemene, **Christelike kerk**, die gemeenskap van die heiliges; die vergewing van sondes; die opstanding van die liggaam en 'n ewige lewe. | Toe het God al hierdie gebooie aangekondig: Ek is die Here jou God wat ou uit Egipte, uit die plek van slawerny bevry het Jy mag naas my geen ander gode hê nie Jy mag nie vir jou 'n beeld ...Jy mag hulle nie vereer of dien nie, want ek, die Here jou God eis onverdeelde trou aan My. Ek reken kinders die sondes van hulle vaders toe, ..betoon my liefde tot aan die duisendste geslag van die wat My lief het en My gebooie gehoorsaam Jy mag die Naam van die Here jou God nie misbruik nie, want die Here sal die een wat sy Naam misbruik, nie ongestraf laat bly nie. Sorg dat jy die Sabbatdag heilig hou. Eer jou vader en jou moeder ..... Jy mag nie moord pleeg nie. Jy mag nie egbreuk pleeg nie. Jy mag nie steel nie. Jy mag nie vals getuienis teen 'n ander gee nie. Jy mag nie iemand anders se huis begeer nie....Exodus 20 |
| ~~Jy moet jou hart vir die Here gee.<br>Jy moet jou lewe vir God gee.<br>Jy moet jouself oorgee aan God.<br>Jy moet God in jou lewe innooi.<br>Jy moet God liefhê.<br>Jy moet God aanneem.<br>Jy moet Jesus aanneem.~~ | Jy moet net in Christus glo: weet wie Hy en is wat Hy vir jou doen, net op Hom en wat Hy vir jou doen vertrou. Hy doen alles wat alle sondeskuld en ongehoorsaamheid vir altyd weg te neem sodat ons altyd voor God onskuldig en reg is. | ~~Jy moet vir God sê dat jy jammer is.<br>Jy moet berou oor jou sonde hê.<br>Jy moet beloof om dit nie weer te doen nie.<br>Jy moet probeer om dit nie weer te doen nie.<br>Jy moet volgens die Here se wil leef.<br>Jy moet volgens die Here se gebooie leef.<br>Jy moet om vergifnis vra in gebed.<br>Jy moet gereeld bid.<br>Jy moet die beheer van jou lewe vir God gee.<br>Jy moet Jesus koning op die troon van jou hart maak.<br>Jy moet ander lewe.~~ |
| Vergifnis sonder liefde en wetsgehoorsaamheid. Rom. 3: 21 – 24. | Vergifnis net deur geloof alleen: Rom.1: 16,17. | Christus neem wet weg as manier om vergewe te word. Rom. 10: 1 – 4. |